# HOËRSKOOL F.H. ODENDAAL

BAVIAANSPOORT ROAD 200
DERDEPOORT
PRETORIA
0186

PO BOX 15141
EAST LYNN
PRETORIA
0039


<u>Omsendbrief:</u> **Mei/Junie Eksamen 2026 /** ***<u>Circular Letter:</u> May/June Exam 2026***

## <u>MEI / JUNIE EKSAMEN 2026: REËLINGS:</u>

**1.** **<u>Datums</u>:**

Die eksamen vir **<u>Graad 8 & 9</u> leerders** begin op **<u>Maandag, 1 Junie 2026</u>** tot en met **<u>Vrydag, 12 Junie 2026</u>.** Die eksamen vir **<u>Graad 10, 11 & 12</u> leerders** begin op **<u>Woensdag, 20 Mei 2026</u>** en duur tot en met **<u>Donderdag, 25 Junie 2026</u>**.

Die **<u>Eksamenroosters</u>** word by dié brief aangeheg. Die dag, datum en tye van alle vraestelle soos dit op die eksamenrooster voorkom, is vasgestelde datums soos deur die Departement/Distrik bepaal en **GEEN** verskuiwings of **ALTERNATIEWE** reëlings kan gemaak word nie. Die **Eksamen Afbakening** sal volgende week uitgedeel word.

Die leerders sal verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle werk. U as ouer moet toesien dat U kind genoeg tyd spandeer om te **studeer** en nie kosbare tyd mors nie. **GEEN** leerder kan sê dat hy/sy nie werk het om voor te studeer nie.

**2.** **<u>Eksamentye</u>:**

**2.1** **<u>GRAAD 8 EN 9 LEERDERS</u>:**

Die eksamen bestaan uit **<u>TWEE</u>** sessies:

**<u>Sessie 1</u>**
**07:25 – 11:30**
**11:30 – 12:00 = POUSE**

**<u>Sessie 2</u>**
**12:00 – Tot vraestel klaar is.**
**12:00:** Leerders neem sitplekke in en begin skryf totdat die vraestel voltooi is.

## <u>MAY / JUNE EXAMINATION 2026: ARRANGEMENTS:</u>

**1.** **<u>Dates</u>:**

The examinations for **<u>Grade 8 & 9</u> learners** start on **<u>Monday, 1st of June 2026</u>** until **<u>Friday, 12th of June 2026</u>.** The examinations for **<u>Grade 10, 11 & 12</u> learners** start on **<u>Wednesday, 20th of May 2026</u>** until **<u>Thursday, 25th of June 2026</u>**.

The learners will receive their **<u>Exam Timetables</u>** with this letter. The day, date and time for all question papers are shown on the exam timetable, these were received from the Department/District and **NO** postponement or **ALTERNATIVE** arrangements can be made. The **Exam Scopes** will be handed out next week.

The learners must take responsibility for their work. As a parent you must ensure that your child spends enough time **studying** and does not waste precious time. **NO** learner can claim he/she does not have any work to study.

**2.** **<u>Exam times</u>:**

**2.1** **<u>GRADE 8 AND 9 LEARNERS</u>:**

The examination consists of **<u>TWO</u>** sessions:

**<u>Session 1</u>**
**07:25 – 11:30**
**11:30 – 12:00 = BREAK**

**<u>Session 2</u>**
**12:00 – End of paper.**
**12:00:** All learners must be seated, and commence writing until paper has been completed.


TEL : ( 012 ) 800 1141/2 FAX : ( 012 ) 800 1148 E-MAIL : admin@fhodendaal.co.za WEB: www.fhodendaal.co.za
PRINCIPAL: MR J.D. BRUMMER
DEPUTY PRINCIPALS: MS I. BOONZAIER, MS L. BRUMMER, MR D. GROENEWALD, MS L. PEREIRA, MR P. PRETORIUS

2.1.2 Daar sal **GEEN** studielokaal beskikbaar wees nie. Die leerders sal elke dag voordat hulle skryf, by die skool studeer. GEEN APARTE studielokaal is beskikbaar nie.

**2.2 GRAAD 10, 11 & 12 LEERDERS**

Die eksamen bestaan uit **TWEE** sessies:

**Sessie 1**
**07:25 – 11:30**

**11:30 – 12:00 = POUSE**

**Sessie 2**
**12:00 – Tot vraestel klaar is.**

➢Indien leerders **slegs sessie 1** skryf, sal hulle om **12:00 verdaag**. Indien hulle **sessie 2** skryf, sal hulle **verdaag** afhangende van die tydsduur van die vraestel. Indien leerders **slegs sessie 2** skryf, moet hulle nie later as **11:30** aanmeld nie.

**3. Afwesighede:**

Op die dag waarop 'n leerder 'n vraestel vanweë siekte of spesiale omstandighede misloop, moet u as ouer die skool **skakel** en inlig oor u kind se afwesigheid. 'n Leerder **moet 'n mediese sertifikaat** toon en by die Graadhoof inhandig op die eerste dag wanneer die leerder by die skool terug is. Leerders sal "NUL" (0) ontvang vir enige ander afwesighede. **Dit is dus u as ouers/voogde se verantwoordelikheid om toe te sien dat u kind BETYDS by die skool is.**
**Die skool begin om 07:25!**

**4. Eksamenregulasies:**

**NB➨*LEERDERS MOET ELKE DAG HULLE HANDBOEK/E SKOOL TOE BRING OM TE STUDEER!***
Ons doen 'n beroep op al die ouers om ons te help en te ondersteun in hierdie verband deur seker te maak dat die leerder onthou om sy/haar korrekte handboek/e in te pak vir elke dag.

2.1.2 **NO** study room will be available. The learners study at school every day before writing, therefore, NO SEPERATE study room will be available.

**2.2 GRADE 10, 11 & 12 LEARNERS**

The examination consists of **TWO** sessions:

**Session 1**
**07:25 – 11:30**

**11:30 – 12:00 = BREAK**

**Session 2**
**12:00 – End of paper.**

➢If learners write **only** in **session 1**, they **adjourn** at **12:00**. If they write in **session 2**, they will **adjourn** depending on the duration of the paper. If learners **only** write in **session 2**, they must arrive no later than **11:30**.

**3. Absentees:**

On the day when a learner misses a paper, owing to illness or special circumstances, the parent must **phone** the school to inform the school of the child's absence. A learner **must** submit **a medical certificate** and it must be handed to the Grade Head on the first day the learner returns to school. Learners will receive a "ZERO" (0) mark for any other absenteeism. **Thus, it is you, as a parents'/guardians' responsibility to see to it that your child is at school ON TIME.**
**School starts at 07:25!**

**4. Examination regulations:**

**NB➨*LEARNERS MUST BRING THEIR TEXTBOOK/S TO SCHOOL EVERYDAY TO STUDY!***
We appeal to all the parents to assist and support us in this regard by making sure that the learner remembers to bring his/her correct textbook/s for each day.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Leerders moet let op die **TYE** van elke **sessie**. Leerders wat **laatkom**, sal **nie** ekstra tyd gegee word om vraestelle te voltooi nie. Leerders wat laat kom, **(een uur na die aanvang van die skool) 07:25**, sal **NIE** toegelaat word om eksamen te skryf NIE! | 4.1 | Learners must take note of **session times**. Learners who **arrive late** will **not** be given extra time to complete exam papers. Learners who arrive late, **(one hour after the school has started) 07:25**, will **NOT** be allowed to write the exam paper! |
| 4.2 | **GEEN** selfone, ipads, MP3-spelers of "smart watches" sal in die **skool** toegelaat word nie. Indien 'n **selfoon** by hom/haar gevind word, sal so 'n leerder "**nul**" vir die vraestel kry, aangesien dit as 'n **eksamen ongerymdheid** beskou word. | 4.2 | **NO** cell phones, iPods, MP3 players or smart watches will be allowed at **school**. If a **cell phone** is found to be in possession of the learner, such a learner will get "**zero**" for the paper, as it is seen as an **examination irregularity**. |
| 4.3 | **GEEN** skryfbehoeftes en toerusting mag oor en weer geleen word tydens eksamensessies nie. **GEEN** tasse of sakke word toegelaat by lessenaars nie. | 4.3 | **NO** stationery and equipment may be exchanged and/or borrowed during exam sessions. **NO** schoolbags or other bags allowed at school desks. |
| 4.4 | **GEEN** sakrekenaar-deksels en pennesakkies/penneblikkies is in die **eksamenlokaal** toelaatbaar nie. | 4.4 | **NO** stationery holder/pencil cases/ calculator covers will be allowed in the **exam room**. |
| 4.5 | **GEEN** "tippex" mag gebruik word nie. | 4.5 | **NO** correction "tippex" fluid may be used. |
| 4.6 | Leerders moet met 'n **BLOU PEN** skryf. (Rekeningkunde kan wel met 'n potlood gedoen word). | 4.6 | Learners must write with 'n **BLUE PEN**. (Accounting can be done with a pencil). |
| 4.7 | Enige **eksamen-ongerymdheid** kan lei tot direkte uitsetting. | 4.7 | Any **exam irregularity** might lead to direct expulsion. |
| 4.8 | Leerders mag **NIE** in die lokale eet of drink nie. | 4.8 | **NO** eating and drinking will be allowed in the exam rooms. |
| 4.9 | **GEEN** verduideliking van werk tussen leerders tydens 'n sessie nie. | 4.9 | Learners will **NOT** be allowed to explain work to each other in the exam room. |
| 4.10 | Leerders bly sit totdat al die vraestelle ingeneem is. **NIEMAND** mag gesels of die lokaal verlaat voordat die tyd verstreke is nie. | 4.10 | Learners will remain seated until all the question papers have been collected. **NO** talking allowed. **NO** learner may leave the exam room before the end of session. |
| 4.11 | **GEEN** vrae, behalwe vir ekstra papier, mag aan die toesighouer gevra word nie. | 4.11 | **NO** questions may be asked to the teacher on supervision (only for extra paper). |

4.12 **GEEN** skryf van woorde of prente op hande, uitveërs, liniale, ens. nie. **GEEN NOTAS**!

4.12 **NO** drawing of pictures or writing of words on hands, erasers, rulers, etc. **NO NOTES**!

4.13 **GEEN** leerders mag rondloop gedurende die eksamensessie nie.

4.13 **NO** learners are allowed to walk around the school during the exam session.

4.14 **Vervoerprobleme** word nie aanvaar as 'n verskoning nie. Vervoerreëlings moet asseblief getref word sodat leerders betyds sal wees. **GEEN** tye sal aangepas word nie!

4.14 **Transport problems** will not be accepted as an excuse to start late. Transport must be arranged so that the learner will be on time. **NO** alterations will be made to the exam times!

4.15 Leerders **MOET** sorg dat hulle genoeg studiemateriaal het om by die skool te studeer. (Handboeke en skrifte)

4.15 Learners **NEED** to ensure that they have sufficient study material to study at school. (Text books and scripts)

4.16 Leerders sal **NIE** toegelaat word om die eksamenlokaal te ontwrig nie. Almal moet studeer wanneer hulle nie skryf nie. Leerders wat hulle skuldig maak aan klasontwrigting, sal uit die eksamenlokaal verwyder word en eksamen geweier word.

4.16 **NO** disruption will be allowed in the exam rooms. Everyone will be studying when they are not writing. Learners who are guilty of class disruption, will be removed and will not be allowed to write the exam.

4.17 Indien die leerder se **voorkoms** nie volgens die skoolreëls is nie, sal hy/sy **NIE** toegelaat word om eksamen te skryf nie, alvorens die ouers gekontak is om die leerder se voorkoms te herstel en daarna sal hy/sy kan skryf! **Geen ekstra tyd sal toegelaat word nie.** Serpe en mussies mag nie tydens die eksamensessie gedra word nie. Komberse en handdoeke is nie deel van skooldrag nie.

Leerders mag wel hulle **VOLLE skool sweetpak** gedurende die eksamen dra.

4.17 If a learner's **appearance** is not according to the school rules, such a learner will **NOT** be allowed to write the exam. The parents will be notified and they will have to come to the school and rectify their child's appearance; only thereafter he/she will be allowed to write the exam. **No extra time allowed**. Scarves and beanies may not be worn during the examination session. Blankets and towels are not part of school uniform.

However, learners may now wear their **FULL school tracksuits** during the exams.

4.18 **LET WEL:** Indien 'n leerder **positief** vir enige verbode middel (e.g. Dagga) **getoets** word, sal die leerder verbied word om eksamen te skryf.

4.18 **TAKE NOTE:** If a learner is **tested positive** for any forbidden drug (e.g. Dagga), the learner will not be allowed to write the exam.

## 5. Ernstige Bekommernis

Dit is kommerwekkend hoeveel leerders elke middag by die skool rondloop/sit. Die eksamen begin oor drie weke.

## 5. Urgent Concern

It is concerning how many learners are loitering on the school grounds after school. The exam starts within three weeks'

Leerders moet asb. elke dag na elke vraestel direk huis toe gaan en voorberei vir die eksamen! **GEEN rondlopery!**

6. **Verpligte Normale Skool**

6.1 Neem asb. kennis dat **Graad 8 en 9-leerders** 'n **verpligte** normale skoolprogram volg vanaf **Dinsdag, 17 Junie** tot en met **Donderdag, 25 Junie 2026.**

6.2 Neem asb. kennis dat **Graad 10, 11 en 12-leerders** 'n verpligte normale skool program volg vanaf **Dinsdag, 23 Junie** tot **Donderdag, 25 Junie 2026.** Gedurende die periode sal eksamen antwoordstelle nagegaan word.
**GEEN** punte aanpassings sal na **Junie** gemaak word nie.

7. **Skool sluit – Kwartaal 2:**

Die skool **sluit** op **26 Junie** en **heropen** op **21 Julie 2026**.

8. **Ouerdag**

Ouerdag vind plaas op **Vrydag, 26 Junie** vanaf **06:30 – 09:00**. Rapporte moet deur **ouers** afgehaal word. Leerders moet asb. ouers vergesel in volledige skooldrag.

**VOLTOOI** asseblief die onderstaande **skeurstrokie**, waarin u kennis neem van die Eksamenrooster en toepaslike inligting.

time. Learners must go home directly after writing an exam to prepare for the examination. **NO loitering!**

6. **Compulsory Normal School**

6.1 Please take note, **Grade 8 and 9 learners** will follow a **compulsory** school program from **Tuesday, 17th of June** until **Thursday, 25th of June 2026.**

6.2 Please take note, **Grade 10, 11 and 12 learners** will follow a **compulsory** school program from **Tuesday, 23rd of June** until **Thursday, 25th of June 2026.** The Examination scripts will then be controlled. **NO** mark adjustments will be made after **June**.

7. **School closes – Term 2:**

The school **closes** on **26th of June** and **reopens** on **21st of July 2026**.

8. **Parents day**

Parents day is on **Friday, 26th of June** from **06:30 – 09:00**. **Parents** must collect reports. Learners in full school uniform, must accompany parents.

Please **COMPLETE** the **reply slip** below, wherein you confirm that you have taken note of the Exam Timetable and relevant information.

Die uwe / Regards

**MS. L. PEREIRA**
**HOOF / PRINCIPAL**

✂✂………………………………………………………………………………………………

**SKEURSTROKIE – REËLINGS: MEI / JUNIE EKSAMEN 2026**

***REPLY SLIP – ARRANGEMENTS: MAY / JUNE EXAMINATION 2026***

Ek, ouer/voog **van** ________________________________ in **Graad** ____________ neem kennis van die **Eksamenreëlings & Eksamenreëls**.

*I, parent / guardian* ***of*** ________________________________ *in* ***Grade*** ________ *take note of the* ***Examination Arrangements & Examination Rules****.*

________________________________

**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG**
***SIGNATURE OF PARENT/GUARDIAN***

________________________

**DATUM /** ***DATE***

________________________________

**SEL NR. (Ouer/voog) /** ***CELL NO. (Parent/guardian)***